

MAART 2026

# Villa Nuus News

Volume 9 | villanuus@gmail.com | Bougainvilla Aftree-oord



*Liefde is
om saam te groei,
nie net
saamwees nie.*

## Hierdie uitgawe

ONS VERHOUDINGS 2
FLITSE 3
VIER VRIENDE 4
SERSANT REX 6
KURATORSKAP 10
JY MOENIE 11
'n VLUG 13
'n BRIEFIE 14
'n AFSPRAAK 15
DIE KARWAG 17
OUDWORD 18
VOORSKOTE 19
WOORDSOEK 20

# Ek en jy, ons .... en God.

Praat ons verhoudings, kom twee woorde dadelik in my gedagtes nesmaak ... "mekaar" en "saam". Beide speel 'n belangrike rol in verhoudings, ook in die Bybel. "Mekaar" kom 256 keer voor en "saam" 'n allemintige 1011 (2020 Vertaling).

Almal staan in die een of ander verhouding met iemand anders. My ouers, broers en susters en ander familie staan almal in 'n verhouding met my. Dis natuurlike verhoudings waarin ek nie die ander party van die verhouding kon kies nie. Belangrik om te noem dat ek nie in verhouding staan om te sien wat ek daaruit kan kry nie, maar eerder wat ek daarin kan inploeg, vir die ander party iets kan beteken. Verhoudingsbou is 'n liefdesdaad, en liefde is meer as net 'n gevoel, dis 'n werkwoord. In die bediening ontdek jy dikwels gesinne met gebroke verhoudings en die hartseer wat daarmee gepaard gaan, bring skeuring in families. Om aan 'n gebroke verhouding te werk, verg intense gebed en selfondersoek. Ouers en kinders moet vir mekaar bid. Net so belangrik dat kinders hulle ouers sal eer en respekteer soos God dit in Sy wil, die vyfde gebod van ons vereis.

Dis die wil van die Skeppergod dat ons in liefde sal saamleef, omdat Hy 'n doel en plan met elke lid van die gesin se lewe het. Dis wanneer ek ontdek dat my Skeppergod ook my Verlossergod wil wees; dat ek ontdek hoe belangrik gesonde, liefdevolle verhoudings vir Hom is. Dit ontdek ek mettertyd soos my verhouding met Jesus groei en die aardse verhoudings waarin ek staan hegter word en diegene wat nog soekend na vrede is, hierdie ontdekking maak deur die voorbeeld wat ons stel.

Opregte gesonde verhoudings bring mee dat almal gelukkig is. Hier in die aftree-oord is ons reisgenote, almal in dieselfde bootjie en het mekaar nodig. Natuurlik bring die dood eensaamheid in my lewe, maar daarom is ons baie om mekaar te troos en op te beur en aan die hand te vat en saam met mekaar die pad te leer stap. Verhoudings is 'n baie wye onderwerp waaroor ons lank kan gesels, ons staan egter net by 'n paar fasette daarvan stil.

Waar begin verhoudings? Die antwoord is eenvoudig, by my Skepper, die Skeppergod. Hy het my geskep om in 'n verhouding met my te staan, my in die vrou wat my in die wêreld gebring het, die saadjie wat geplant is, te laat ontkiem, omdat Hy met daardie lewetjie 'n doel gehad het. 'n Plan en doel wat ek moet ontdek. En op hierdie ontdekkingstog is verhoudings onvermydelik. Om hierdie plan te ontdek moet ek by my eerste verhouding begin, die verhouding tussen my en God. Is Hy maar net vir my die Skeppergod? Is Hy nie dalk die




Een wat my lewe op koers wil plaas nie? Sy koers! Hy voorsien vir my die padkaart, vandag GPS, Sy Woord, dat Sy plan vir my duidelik word. Dat Hy vir my my Verlossergod word. As jy nog hier kan lees, het jou Verlossergod nog 'n takie vir jou. Daar is nog iets waarvoor God my benodig, voordat Hy my kom haal.

Die gemeenskap waarvan ek deel is, is my medemense. Diegene tussen wie ek elke dag beweeg. Sommige word my vriende, ander bly net kennisse. Vriendskap gaan om wat ons vir mekaar beteken. My vriend, my vriendin met wie ek my hartsgeheime kan deel. Spreke 17:17 "Op 'n vriend se liefde kan jy altyd reken". Johannes 15:13 "Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê." "Johannes 15:12 "Julle moet mekaar liefhê, soos Ek julle liefhet".

Ons dierbare land se mense vind dit moeilik met verhoudings. Daar is net soveel grense tussen ons. Dalk makliker om uit te spreek as om uit te leef, maar liefde en aanvaarding breek grense af. Hierdie liefde behels om vir mekaar ruimte te gee al is dit hoe moeilik en mekaar te probeer verstaan.

Ons Verlossergod is die verhouding waar ons moet begin. Hy skeer almal onder dieselfde kam en het almal ewe lief ten spyte van. Die Vader het die verlore seun met ope arms ontvang en net die beste aan hom voorgesit. Dit is die liefde waarop ons ons verhouding moet bou.

Vriendelike verhoudingsgroete.

**Manie Crouse** *(emeritus leraar)*

# Bougainvilla flitse




Caroline Rabe van Eenheid 1122 se kleinseun, **Tiaan Whelpton** (25), se doel is om die eerste New Zealander te word om die 100m onder 10 sekondes te hardloop.

Tiaan is 'n boorling van Stellenbosch en Paul Roos Gimnasium waar hy onderandere ook rugby gespeel het. Atletiek het egter Tiaan se liefde gebly. Om in die 100 meter te spesialiseer is harde werk.

In 2023 was Tiaan se wentyd 10.18 sekondes, dit terwyl hy nog in die middel van krag oefeninge was. In Februarie, dié jaar, het Tiaan die 100m in 10.01 sekondes gehardloop en die 60m in 6.55 sekondes. Tiaan is voorwaar 'n ambassadeur vir New Zealand en praat nog vlot Afrikaans.

Sterkte met jou voorbereidings Tiaan en wees verseker van Villanuus se goeie wense.



9

**Hoe rooier hoe mooier!**

Jy kan hulle nie mis kyk nie. In klassieke literatuur word rooi hare in mans gesien as die toonbeeld van alles wat barbaars is, terwyl dit die krag van die natuur in vrouens weerspieël. In vrouens word rooi hare ook gelykgestel aan 'n hart van goud. Daar word beweer dat slegs 1% van die populasie het 100% natuurlike rooi hare. In die foto (sittend) is Annie Hayes en haarkapster Nelda ons modelle.

**Corrie Broodryk**



# Vier vriende, een wandelpad en 'n paar onbeplande *troues*.

Die Otterwandelpad word algemeen beskryf as 'n staproete wat jou fisies toets, jou nederig maak en jou karakter vorm. Wat min mense egter weet, is dat dit ook 'n uitstekende plek is om lewensmaats te vind, mits jy bereid is om nat te word, verkeerd te stap en iemand haar klere in die rivier verloor.

Ons is vier vriende: Amanda, Dalene, Deon en ek. Twee mans, twee dames, almal vol selfvertroue, goeie moed en die vaste oortuiging dat ons presies weet wat ons doen. Rugsakke was netjies gepak, stapstewels blink, en elkeen het 'n mening gehad oor getye, hutte en afstande—veral dié wat nog nooit die Otter gestap het nie.

Die eerste dag het soos 'n vakansie begin. Die see was blou, die bos groen, en ons gesprekke luidrugtig en vol groot drome. Só in ons entoesiasme het ons die eerste hut verbygestap. Niemand wou dit hardop erken nie, maar elkeen het gedink: "Dis seker reg—die volgende een kan nie ver wees nie." Toe ons uiteindelik by die tweede hut aankom, was ons moeg, dors en wou net rus… net om te ontdek die hut is klaar beset. Nie net mense nie—gelukkige, gevestigde mense wat reeds sop kook.

Daar is min dinge wat 'n mens so vinnig laat nederig voel soos om vir vreemdelinge te vra of daar dalk "plek op die vloer" is. Ons het die nag oorleef met kreatiewe slaapreëlings, klam klere en genoeg grappies om die ellende draagliker te maak. Dis verbasend hoe vinnig vriendskap verdiep wanneer almal ewe ongemaklik is.

Maar niks het ons voorbereid op Bloukransrivier nie.

Ons het met hooggety by die rivier aangekom. Die rivier het gebrul soos 'n dier met 'n slegte humeur. Logika het gesê: "Wag." Moed het gesê: "Dis seker nou of nooit." Dom astrantheid het gewen. Halfpad oor het dinge lelik begin skeefloop. Die water was sterk, ons balans het verdwyn en gille is geuiter wat niemand later sou erken hul eie was nie.

In die chaos het een van die dames se klere in die rivier verdwyn asof dit nie deel van hierdie avontuur wou wees nie. Daar was 'n oomblik van geskokte stilte, toe 'n kollektiewe besluit: niemand lag nou nie. Rûe is gedraai, handdoeke is geoffer, en ek het skielik 'n beskermende instink ontwikkel wat later in die huwelik baie handig sou wees.

Toe ons uiteindelik aan die ander kant uitklim—nat, uitgeput en emosioneel geskend—het ons iets belangriks besef: as jy saam 'n rivier oorleef waar alles wat kan verkeerd gaan, wel verkeerd gaan, dan kan jy waarskynlik saam enigiets hanteer. Selfs mekaar.

Die res van die stap was 'n mengsel van seer spiere, sweet en binnegrappies wat net ons verstaan het. Liefde het nie met romantiese verklarings begin nie, maar met klein dingetjies, soos om 'n ekstra energiestafie te deel, 'n rugsak te dra of iemand wat sê: "Dis okay, ek het jou."

Toe ons Nature's Valley bereik, was ons nie net vier vriende nie. Ons was 'n span. Ons het gelag oor alles wat verkeerd geloop het, en belowe om "nooit weer" so iets te doen nie—'n belofte wat natuurlik niemand ernstig bedoel het nie.

Drie jaar later het daardie wandelpad sy laaste verrassing onthul: troues! Wat begin het as 'n staproete vol foute en nat klere, het geëindig in verbintenisse gebou op vertroue, humor en gedeelde herinneringe wat nooit afgespoel kan word nie—selfs nie deur die Bloukrans in vloed nie.

Die Otterwandelpad leer jou baie. Oor stap, oor oorlewing, maar veral oor mense—en hoe liefde soms begin waar jy dit die minste verwag.

Ons kon nie Deon en Dalene se troue bywoon nie, want ons is dieselfde dag uit dieselfde kerk en net 'n uur later getroud.

**Flippie Fourie**





'N EKONOMIESE NAMIDDAG MET
DAWIE ROODT
Een van Suid-Afrika se mees gerespekteerde ekonome.
Kapitaalbewaring in Onseker Tye en
'n Ekonomiese Perspektief vir Afgetredenes
• Suid-Afrika se fiskale vooruitsigte
• Inflasie en rentekoersontwikkelings
• Die rand en internasionale blootstelling
• Strategiese beskerming van aftreekapitaal
21 Mei 2026
15:00
Gemeenskapsaal
R100 p.p
Prys sluit 'n vinger-ete in.
Vir Besprekings kontak:
Gerda - 076 7768001
Dana - 012 0004437
Bespreking sluit: 08/05/2026
Nugter denke. Duidelike insig. Verantwoordelike beplanning.




JESUS HET OORWIN
'n Monumentale Passiespel in Woord en Musiek
Beleef die kruisiging, die stilte van die graf
en die triomf van die opstanding!
Met die Pretoria Mannekoor,
Harp en Tjellobegeleiding
SONDAG 19 APRIL | 15:00
GEMEENSKAPSAAL
Besprekings: 076 776 8001 Gerda
012 000 4437 Dana
JESUS HET OORWIN!

# Sersant Rex

Hulle het vandag 'n prys op 'n held se lewe geplak: R40. Dis wat dit gekos het om die mees gedekoreerde offisier in ons distrik huis toe te neem. Hy het agter tralies gesit, etiket lees 'defektief' omdat sy heupe seer was en sy snoet grys geword het.

My naam is Sarah. Ek is twee-en-vyftig jaar oud. Drie weke gelede, op 'n Dinsdagoggend, het 'n twintiger van Menslike Hulpbronne my 'n kartondoos oorhandig. Ná twintig jaar van gemiste sokkerwedstryde, laat werksaande en die gee van my hele wese aan die maatskappy, het hulle my vertel my pos word 'weens herstrukturering afgeskaf'. Hulle het nie gesê ek is te oud nie. Hulle het nie gesê ek is te duur in vergelyking met die pas gegradueerdes nie. Hulle het net gesê: 'Ons beweeg in 'n ander rigting.'

Ek het uit daardie glasgebou gestap asof ek verdwyn het. Ek was nie meer 'n Operasiesdirekteur nie. Ek was net 'n middeljarige vrou met 'n skrikwekkende verband en 'n skedule wat skielik, vreesaanjaend leeg was.

Ek het diereskuiling toe gegaan nie om 'n hond te red nie, maar omdat die stilte in my huis vir my geskree het. Ek moes weer nuttig voel. Ek moes voel ek is nie sommer net weggegooi nie.

Die skuiling was raserig. Die voorste rye was chaoties. Hondjies. Suiwer rasse. Ander oulike klein mengels wat in 'n handsak kan pas. Gesinne het oor hulle baklei. Kinders het geskree van opwinding. Daar was soveel hoop in daardie eerste paar gange.

Maar ek het na agter geloop. Na die sementblok-afdeling bekend as 'Ry Z.' Die ry vir die moeilike gevalle. Dáár het ek hom gesien.

'n Massiewe Duitse Herdershond, sittend met 'n houding wat respek afdwing, selfs in 'n hok wat na bleikmiddel geruik het. Hy het nie geblaf nie. Hy het nie gespring nie. Hy het my net aangekyk met donker, intelligente amberoë. Hy het gelyk of hy wag vir rugsteun wat nooit gaan opdaag nie.

Die gelamineerde kaart aan sy hok het gelees:

| | |
|---|---|
| Naam: | SGT. REX |
| Ouderdom: | 10 |
| Afgetrede | K9-eenheid |
| Ernstige artritis. | PTSD. |
| *Nie aanbeveel vir gesinne nie.* | |
| Status: | DRINGEND. |




'n Helder rooi plakker was oor sy dokumente geslaan: FINALE KENNISGEWING.
'Jy wil nie daardie een hê nie, mevrou.'
Ek draai om. 'n Jong vrywilliger in 'n universiteit-hoodie kyk na sy knipbord. 'Rex is baie hond,' sê hy. 'Afgetrede polisie K9. Hy het agt jaar lank met dwelms en soek-en-redding gewerk. Maar sy hanteerder is geskei, moes trek na 'n woonstel met 'n "geen troeteldiere"-reël… jy weet mos.' Hy trek sy skouers op. 'Die departement het nie die begroting om hom eindeloos aan te hou nie. Hy is styf, hy is knorrig, en hy skrik vir donderweer. Eerlik? Hy is op môre-oggend se lys.'

Ek kyk terug na Rex. Hy skuif sy gewig, grimmig van pyn, sy agterbeen bewe. Hy kyk na my—en ek sweer—hy vra nie jammerte nie. Hy vra waardigheid.

Agter in sy lêer was 'n foto. 'n Jonger Rex, trots langs 'n patrolliewa met 'n medalje om sy nek. 'Held-K9 vind vermiste kind in staatspark,' lees die onderskrif.

'So dis dit?' vra ek, my stem bewerig. 'Hy dien sy gemeenskap vir 'n dekade, red lewens, ruïneer sy gewrigte om skelms te vang, en sy aftreeplan is 'n naald?'

Die vrywilliger kyk af na sy tekkies. 'Dis 'n besigheid, mevrou. Niemand wil die oues hê nie. Hulle kos te veel om reg te maak.'

Niemand wil die oues hê nie. Die woorde het my soos 'n dwarsklap getref.

Ek kyk na Rex en sien my eie weerspieëling in sy moeë oë. Weggegooi omdat ons nie meer vinnig genoeg is nie. Misgekyk omdat ons 'kilometers op die klok' het. Die wêreld hou van jou wanneer jy jonk en produktief is. Maar die oomblik wanneer jy stadiger raak? Word jy onsigbaar.
'Ek neem hom,' sê ek.
'Mevrou, die veeartsrekeninge alleen…'
'Ek sê ek neem hom.'

Rex ry huis toe op die agtersitplek van my SUV. Hy steek nie sy kop by die venster uit nie. Hy sit regop, skandeer die omgewing, hou die verkeer dop. Hy was steeds op diens.

By my oprit huiwer hy toe ek die deur oopmaak.
Ek besef hy wag vir 'n bevel.
'Rus maar, soldaat,' fluister ek. 'Kom ons gaan in.'

Die eerste paar weke was moeilik. Rex het snags patrollie geloop. Die klank van sy naels op die houtvloere het soos 'n aflopende klok geklink. Hy het nie geweet hoe om 'n troeteldier te wees nie. Ek koop vir hom 'n sagte speelding; hy snuf dit vir dwelmmiddels en stap weg. Ek probeer hom omhels; hy verstar, verward. Ons was twee spoke wat in 'n voorstedelike huis rondswerf—albei probeer definieer wie ons sonder ons titels is.

Maar stadig het dinge verander. Ek begin met hom praat. Ek vertel hom van die afdankings. Van hoe onsigbaar ek voel in werksonderhoude met bestuurders jonger as my eie kinders. Rex luister, ore spits, kop swaar op my knie. Hy kan nie my CV regmaak nie, maar hy sorg dat ek nooit alleen huil nie.

Toe kom die 4de Julie-naweek. Groot ding in ons buurt. Braaivleis. Musiek. Reuke van kole en hamburgers. Die bure langsaan, die Millers, hou 'n reuse blokpartytjie. Hulle het 'n seuntjie, Leo—ses jaar oud, outisties, lief vir dinosourusse, en bang vir harde geluide. Hy en Rex het 'n band gebou deur die heining. Rex, wat glo 'gevaarlik' was, sit doodstil terwyl Leo verduidelik wat die verskil tussen 'n T-Rex en 'n Raptor is.

Teen 7-uur gaan 'n vuurwerk te vroeg af. Dan hoor ons dit: 'LEO? LEO?!'

Musiek stop. Lag word stil. 'Die hek was oop!' skree iemand. Mense hardloop orals. Maar ek sien Rex. Hy staan in my agterplaas by die los plank wat na die bos toe lei. Sy hare staan regop. Hy kyk nie na die partytjie nie—hy kyk in die donker bome in. Hy gee 'n blaf. Nie 'n "woef" nie. 'n Bevel.

Ek maak die hek oop. Rex hardloop nie—hy kán nie meer nie. Maar hy beweeg met 'n doel. Hy loop mank maar vinnig, dwing sy lyf deur die pyn, en verdwyn in die struike.

'Hy het 'n spoor!' gil ek. 'Volg die hond!'

Ons hardloop. Die bosse krap my bene. Ons gaan dieper in. Tot by die steil wal waar die stormwater in die rivier uitloop.

Rex stop. Val op sy maag. Tjank.

Onder ons, vasgehaak tussen wortels net bo die water, is Leo. Vreesbevange. Besig om af te gly.

Rex wag nie. Hy gly af. Sy kloue grawe in die modder. Hy plant homself tussen die kind en die water. Hy blaf sag. Leo kyk op. Sien sy vriend. Gryp sy pels vas. Rex anker homself. Hy kreun van pyn—maar hy hou.

Hy word 'n lewende anker.

Ons kry hulle uit. Veilig.
Bo op die gras val Rex neer. Sy bene gee pad. Hy hyg, oë dof. Ek sak langs hom neer, trane rol.

Die bure staan rondom ons, stil.

'Is hy oukei?' snik Mev. Miller. 'Hy het my kind gered…'

Ek streel sy ore. 'Jy het dit gedoen, ou maat. Goeie seun. Die beste seun.'
Sy stert klop. Twee keer. Swak. Maar sy oë is helder. Hy was nie meer 'onaanneembaar' nie. Hy is nie meer 'afgetree' nie. Hy was 'n K9-offisier wat sy saak gesluit het.




By die veearts hoor ons: net uitputting en heup-ontsteking. Hy moet rus.

Tuis gekom help ek hom op sy ortopediese bed. Hy sug diep—van die siel af. Sy kop op my hand.

En ek kyk na hierdie hond—hierdie held wat die samelewing R40 werd geag het—en ek besef iets wat alles verander het:

Ons leef in 'n wêreld verslaaf aan die 'volgende groot ding.' Ons wil die nuutste iPhone, die jongste werknemer, die hondjie met die pienk strik wees. Ons word afgerig om te glo dat wanneer iets (of iemand) 'n paar skrape het, 'n paar grys hare, of 'n tree stadiger raak, die waarde nul word.

Ons is verkeerd.

Ervaring is nie 'n vervaldatum nie. Littekens is net 'n bewys dat jy die oorlog oorleef het. En soms is dit juis die ou veteraan—nie die jong beginnertjie nie —wat die dag red omdat hy al daar was.

Rex slaap by my voete terwyl ek skryf. Hy trek soms saam—waarskynlik drome van die glorie dae. Maar sy glorie dae is nie verby nie. En myne ook nie.

Aan almal daar buite wat 'uitgedien', 'afgedank,' of 'oor die hoof gesien' voel: luister vir my.

Jou lewensdoel is nie verby nie. Jy het steeds werk om te doen. Steeds liefde om te gee. Steeds wysheid om te deel. Steeds gevegte om te wen.

**Annoniem**

# CHAIR EXERCISES
## AT Bougainvilla



**WE'RE BACK, REFRESHED, AND READY FOR 2026. JOIN US FROM WEDNESDAY, 4 FEBRUARY.**

"But those who hope in the Lord will renew their strength. They will soar on wings like eagles; they will run and not grow weary, they will walk and not be faint."

*Isaiah 40:31*





**COME AND *JOIN US!***

- **R 200 P/M**
- **EVERY WEDNESDAY AT 15:00**




# "Briefie nommer twee"

Vyftig jaar terug met verwondering in my oë
Het ek na julle gekyk en ek het geglo
Dat mense soos julle vir iemand soos ek
Die lewe kon uitlê, die lyne kon trek
Toe skryf ek 'n briefie en steek dit eers weg
Want ek dog toe, die verlange klink net nie reg.

Ek vra toe mooi, moet vir niemand dit wys
Want ek was te bang dat iemand sou eis
Dat hulle belangriker as julle kon wees
Terwyl ek in julle lewens kon lees
Dat net maar jul liefde vir mekaar en vir my
Die wêreld van baie sorge bevry

In brief nommer een is die tema, onthou
Dat die brief net vir julle 'n boodskap inhou
Want ander sou oor daardie kinderbrief lag
Wat net maar wou sê hoe hoog hierdie kind julle ag
Maar nou kyk ek terug en weet dit was reg
Want julle twee loop nog steeds op Die weg

Vyftig jaar later, weet ek verseker, dis so
Dat julle twee vir ewig in mekaar kan bly glo
Dat jul liefde met jare soos 'n lig wat bly skyn
'n Voorbeeld waarna meeste mense kan strewe
Om geluk te kan vind vir hul pad deur die lewe

Dan sê ek graag hier in brief nommer twee
Na vyftig jaar voel ek steeds heel tevrede
Dat 'n kind se geloof in julle liefde kon staan
Vir vyftig jaar … sonder om 'n oomblik te taan
Want na al hierdie tyd is julle tweetjies nog een
Wat deur al die jare trou op mekaar kon steun

En ek wil nou graag vir jul briefie nommer twee
Op julle vyftigste huweliksherdenking gee
En ek hoop dat die volgende vyftig jaar vir my
My geloof in julle liefde steeds sal laat gedy
Sodat ek eendag, hier of daar bo
Na nog vyftig jaar in jul liefde sal glo …..

Soos altyd net … Ekke

Uit die WOORDENAAR deur Corrie Vermeulen



# Só werk volmag, kuratorskappe en trusts.

Om die sake te behartig van iemand wat onbevoeg of te swak geraak het om self sy of haar geldsake te bestuur, kan moeilik wees. Hier is raad om die slaggate te vermy.

Navrae word gereeld van kliënte ontvang wat onseker is oor hoe 'n volmag of prokurasie werk. In sulke gevalle het 'n ma byvoorbeeld haar dogter skriftelik volmag gegee om haar sake namens haar te behartig omdat sy byvoorbeeld nie meer so beweeglik is nie, swaksiende geword het of bed-lêend is.

Die ma was by haar volle positiewe ten tye van die ondertekening van die volmag. Die dogter behartig die ma se banksake, trek die pensioen sodat die ma kontant kan kry en betaal haar benodigdhede en uitgawes.

Wanneer die ma demensie of alzheimersiekte sou ontwikkel of 'n beroerte kry en later nie meer haar volle breinfunksie het nie, soos bepaal deur 'n mediese dokter, verval daardie volmag. Indien die dogter aanhou om die ma se sake te behartig, is dit 'n oortreding.

**Kuratorskappe**

Die enigste oplossing vir so 'n situasie is dat die dogter aangestel word as kurator om dan steeds haar ma se sake te kan behartig. 'n Kurator word deur die hooggeregshof aangestel ingevolge reël 57 van die Eenvormige Hofreëls van die Hooggeregshof van Suid Afrika.

Eers moet die persoon, in hierdie geval die ma, onbevoeg verklaar word om haar eie sake te behartig. Die dogter, in die geval, nader die hof, wat eers 'n kurator ad litem benoem en aanstel om die omstandighede te ondersoek en om mediese verslae te kry oor die ma se toestand.

As die persoon deur die hooggeregshof onbevoeg verklaar word, kan die dogter deur die hof aangestel word as die kurator bonis. Dit is die persoon wat met die onbevoegde mens (die ma) se finansies sal werk. Die kurator bonis doen gereeld aan die meester van die hooggeregshof verslag oor die finansiële sake en hou as't ware die onbevoegde se bates in trust.

Die dogter kan ook deur die hof aangestel word as die kurator personae. Dit is die persoon wat deur die hof aangestel word om besluite te neem oor die onbevoegde persoon se maatskaplike situasie en gesondheidstoestand.



**Testament**

Wat lastig is, is dat die ma nie bevoeg is om 'n testament op te stel nie. Die ma se laaste testament is geldig en word gebruik as haar laaste wil en testament. Dit beteken dat sy dalk 20 jaar gelede laas 'n testament gemaak het, wat nou gebruik gaan word. Van die kinders was dalk nog nie eers gebore nie en hulle erf dus niks.

Indien die ma nie 'n testament het nie of indien haar enigste testament soek is, tree die intestate erfreg in, wat bepaal dat haar bates sal vererf aan haar gade (as die gade nog leef) en haar natuurlike en aangenome kinders, in kindsdele. Met ander woorde, die gade en die kinders erf elk gelykop, maar die gade moet minstens R250 000 erf. Indien daar van die kinders is wat minderjarig is, word hul erfenis aan die meester se voogdyfonds gegee vir administrasie totdat die kind mondig is.

Dit is dus belangrik dat 'n mens se testament minstens elke twee jaar bygewerk word of wanneer daar 'n grootverandering in jou omstandighede is, soos 'n nuwe baba, 'n nuwe woning of waar die ma, soos in ons geval, nie meer gemaklik kan beweeg nie of na 'n aftreeoord verhuis.

Dit is ook moontlik dat 'n onbevoegde persoon wel van tyd tot tyd 'n helder oomblik (lucidum intervalum) kan beleef en dan 'n geldige testament kan maak. So 'n testament word opgestel in die teenwoordigheid van 'n mediese praktisyn, 'n kommissaris van ede, twee getuies en die testamentopsteller.

Al die formele vereistes vir 'n testament moet nagekom word. Die persoon hoef nie noodwendig die testament te onderteken soos gewoonlik nie- 'n vingerafdruk of 'n merk soos 'n kruis, word aanvaar.

## Trusts

Indien 'n mens, soos die ma hierbo wat onbevoeg raak, se bates reeds vooraf in trust geplaas is, is dit baie maklik vir die trustees om haar te versorg uit die fondse van die trust, na gelang van hoe die sake van die trust lyk.

Baie keer wonder 'n mens wie na die ma se sake gaan omsien as die dogter nie meer kan nie. As daar nie 'n ander trustee is nie, kan die familie 'n spesiale trust vir gestremdes oprig en sorg dat daar voldoende geld in is en dat die trustees simpatiek teenoor die ma en bekend met haar toestand en agtergrond is.

'n Spesiale trust is 'n belasting vriendelike trust vir begunstigdes wat fisies en/of geestelik gestrem is, soos gedefinieer in artikel 1 van die Wet op Geestesgesondheid (Wet 18 van 1973).

Waar 'n familietrust (diskresionêre trust of eiendomstrust) teen 'n vaste koers van 45% inkomstebelasting betaal, betaal 'n spesiale trust die koers van individue. Só 'n trust kan immers geld hou wat tot voordeel van die onbevoegde persoon aangewend word as die naby familie nie meer daar is nie.

Dit is nie meer moontlik om onbevoegde individue in staatsinrigtings te laat opneem nie. Daarom moet die familie sorg dat die spesiale trust genoeg geld het vir die versorging van die onbevoegde persoon.

Kinders en familielede kan deur lewensdekking voorsiening maak vir hul gestremde ma en ouma en om dan die spesiale trust of 'n ander trust waaruit die onbevoegde persoon 'n voordeel kan kry, te begunstig. LBW

**Andrê Eloff (lid van Fisa) is 'n boedelbeplanner by Business & Legal Consultants.**



# 'n Skrikwekkende vlug na die VSA

Gedurende die vroeë negentiger jare, was ek deel van 'n span van ses ingenieurs van YSKOR om 'n studie te doen van die nuwe tegnologie van stringgiet aanlegte in Japan, Europa en die VSA.

As gevolg van die toepassing van sanksies teen die RSA kon ons nie toegang tot Japan kry nie.

Nadat die studie in Europa voltooi was, het ons in die middel van die dag uit Heathrow, naby London, vertrek op 'n vlug na die VSA.

YSKOR se personeel wat oorsee vlieg, is toegelaat om besigheidsklas te vlieg, gevolglik sit 'n mens dan amper heel voor naby die ingang na die loods.

Omtrent 14:00 op 'n helder wolklose dag en na sowat twee ure se vlug, het 'n spanlid wat naby die venster sit, gesien dat die vliegtuig van rigting verander.

Hy roep toe die lugwaardin en meld dit aan haar. Sy glip toe by die loods se deur in. Net daarna meld die loods oor die interkomstelsel dat een enjin teruggeplof het en ons moet noodgedwonge, terwille van veiligheid, dadelik terug vlieg na London.




Die skrikwekkende deel was, toe ons by Heathrow lughawe nog met daglig aankom, toe staan daar rye ambulanse en brandweerwaens. En ons land tussen hulle!

Met die hulp van onse Hemelse Vader se genade het ons veilig geland.

'n Paar ure later kon ons met 'n ander vliegtuig ons reis in veiligheid voortsit, al was ons laat vir ons afsprake in die VSA.

*Joop Becker*

Hoëgehalte velsorg- en skoonheidsprodukte, net vir jou!




- Sagte, voedende velsorg vir volwasse vel
- Produkte om jou natuurlike glans te verbeter
- Parfuum, bykomstighede & bederfprodukte

Bel of WhatsApp Anne-Marie at 082 563 0816

Dis maklik om te bestel – Ek lewer af by jou deur!

Spesiale Aanbiedinge & Afslag beskikbaar!

AVON Justine The beauty of science and nature



Lyk goed, voel fantasties – skoonheid het geen einde nie!

ONS DIENSTE

GRATIS Gehoorsiftings

Volledige Gehoortoets

Wye reeks van Gehoorapparate

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8 January 2026 | 09:00 -10:00 | 2 July 2026 | 09:00 -10:00 |
| 5 February 2026 | 09:00 -10:00 | 6 August 2026 | 09:00 -10:00 |
| 5 March 2026 | 09:00 -10:00 | 3 September 2026 | 09:00 -10:00 |
| 2 April 2026 | 09:00 -10:00 | 1 October 2026 | 09:00 -10:00 |
| 7 May 2026 | 09:00 -10:00 | 5 November 2026 | 09:00 -10:00 |
| 4 June 2026 | 09:00 -10:00 | 3 December 2026 | 09:00 -10:00 |

kind 2 Hearing

Moolman & Associates: 1099043

012 110 4612
montana@k2h.co.za
Tolvry: 0800 200 100
www.kind2hearing.co.za

# Inwoners maak 'n *verskil*

Die stukkie grond in Arendstraat was 'n seeroog waarin onkruid floreer het. Arendstraat se inwoners was al erg geïrriteerd oor die vuil "eiland" en het besluit om in te gryp. Al die klippe en vetplante is verwyder en gras is geplant. Nou word die gras weekliks gesny en almal wat daagliks daarteen vasgekyk het, is nou baie tevrede.





'n Sieraad in Arendstraat.

Frank Smit









**Gerda Dafel** 076 776 8001

## Your Property Could Be Our Next Success Story.

## Let's Find the Right Tenant or Buyer for Your Property

# Property.CoZa®

As we step into a new year, we do so with gratitude for God's faithfulness and hope for all that lies ahead. A new beginning reminds us that God is still at work, renewing, restoring, and guiding us day by day.

"See, I am doing a new thing! Now it springs up; do you not perceive it?"
— Isaiah 43:19

May this year be filled with fresh vision, renewed strength, and quiet confidence in God's plans. May He bless your home with peace, your work with purpose, and your journey with His unfailing presence. We look forward to walking this new chapter together, trusting God for all that is to come.

## Houses and flats for **Sale** or **Rent**

### For Sale:

| | |
|---|---|
| **3 Bedroom houses:** | *R1 900 000 - R2 500 000* |
| **2 Bedroom houses:** | *R1 200 000 - R1 850 000* |
| **2 Bedroom flats:** | *R850 000 - R950 000* |
| **1 Bedroom flats:** | *R600 000 - R850 000* |

### Rentals:

| | |
|---|---|
| **3 Bedroom houses:** | *R12 800 - R14 800 p/m* |
| **2 Bedroom houses:** | *R9 000 - R12 800 p/m* |
| **2 Bedroom flats:** | *R8 500 - R9 800 p/m* |
| **1 Bedroom flats:** | *R6 000 - R8 000 p/m* |

It's good to feel
@ *home*

# Rent, Buy or Sell

# 'n Afspraak in 'n kluis

Ek het op die mooi plaas Klipfontein naby Pretoria grootgeword. Na laerskool sou ek Hoërskool Bronkhorstspruit toe gaan. Die skool en dorp Bronkhorstspruit is deur my pappie se grootoupa Cornelius Johannes Gerhardus Erasmus gestig. My pappie het sy name.

My moeder het klaar my skoolklere gekoop vir Bronkhorstspruit, maar ek het baie gehuil en wou nie weggaan van my ouers af nie. Ons is 'n hegte familie. Sy kon gelukkig die klere terugneem. Ek is toe Hoërskool Pretoria-Noord toe.

Na skool het ek in Barclaysbank in Pretoriusstraat begin werk. Die oggend toe ek in die bank instap, sien ek die mooi jongman wat met die trap afgestap kom.

Hy was toe 'n teller by die bank en besig met buitemuurse studies vir sy B.Com. (Rekeningkunde) graad.

Ek kyk hom so en dink by myself; "Jy mooie jongman gaan nog die vader van my kinders word"! Ons het mekaar toe ontmoet. Inus Riekert se pa was die eienaar van die pragtige plaas De Kroon naby Britz.

Eendag vra Inus my ek moet hom in die bankkluis ontmoet. Toe ek instap, vra Inus my of ek saam met hom sal gaan fliek. Ek sê toe ek sal eers my ouers vra. Ons het eers later gaan fliek, omdat Inus vreeslik verdwaal het.

Nadat Inus sy graad gekry het, het ons in Januarie 1961 verloof geraak en die 5de Augustus 1961 is ons getroud.

Ons seun Philippus Johannes Riekert is in 1963 gebore. Hy dra die name van een van die eerste Vryburgers wat in die Kaap aangekom het. My pragtige dogter is in 1967 gebore.

In 1990 koop Inus vir ons die mooi ou plaas Mooimeisjesfontein.

Die naam van die plaas dateer terug uit die Voortrekkers. Eennag toe die Voortrekkers daar deurgetrek het, is 'n mooi jongmeisie daar oorlede. Sy is naby die fontein begrawe. Net 'n leiklip dui die graf aan. 'n Damwal is later deur Inus laer af in die kloof gebou. Die fontein bied standhoudende water en is uitsluitlik vir die gebruik van die wild.

Dit is 'n mooi plaas en ons het nou 9 seekoeie. Dis gevaarlike diere, maar ons respekteer mekaar. Om my



huis is 'n klipmuur en ook 'n elektriese heining om die gevaarlike diere uit te hou. Die huis het 4 slaapkamers en drie badkamers. Op die plaas is ook 'n groot grasdak chalet.

Ook onder grasdak is 'n groot lapa met 'n braaiarea en 'n swembad langsaan. Die klippe vir die bouwerk het ek en my man self in die veld opgetel en aangery vir die bou van die lapa.

Ons het nou teveel kameelperde en sebras. Ons dink daaraan om van die diere uit te dun, veral die rooibokke. Daar is ook Kudu, Njalas en baie luiperds. Ons tree beskermend op teenoor die bruinhiënas. Ons wou nie elektrisiteit op die plaas hê nie. Ons gebruik solar vir ligte en 'n donkie vir warmwater.

Verlede jaar was daar gaste op die plaas. Hulle hoor toe 'n geskuifel op die plafon. Die volgende oomblik val daar twee reuse luislange deur die plafon. Almal was lamgeskrik! Luislange is kroonwild en mag nie doodgemaak word nie.

Die luislange is agter die wolmuise aan. Wolmuise is so groot soos eekhorinkies en maak nes in die dak.

Strikstellers is ook 'n probleem, want hulle vermink die diere en jag met honde. Ons en die eienaars van buurplase het in hommeltuie belê. Ongeag die gevare en probleme, is boerdery deel van ons DNA en sal ons op die plaas bly.

Ek en Inus was baie gelukkig vir 48 jaar getroud. Hy is in 2009 oorlede. Ek mis Inus verskriklik. Ek skryf vir hom in 'n dagboek alles wat ons familie doen. Die plaas behoort nou aan my, my seun en my dogter. Ons het 'n plaasbestuurder wat na alles kyk.

Rina Riekert






**Groot FM het die 13de Februarie 'n onderhoud met Tina en Henry Lloyd van Eenheid 1212 gevoer met hul 60ste huweliksherdenking.**

## JY KAN NOG *BAIE* DINGE DOEN. MAAR JY MOENIE!!!

In 2026, as jy by 60 verby is, onthou;

Jy kan op 'n hoë leer klim … maar jy moenie!
Jy kan op en af op die bed spring ... maar jy moenie!
Jy kan 'n storie begin met "In MY dae" … maar jy moenie!
Jy kan (modieuse) geskeurde jeans dra … maar jy moenie!
Jy kan op jou hurke sit en vinnig opstaan … maar jy moenie!
Jy kan op die huis se dak rondloop … maar jy moenie!
Jy kan oor 'n redelike groot plas water spring … maar jy moenie!
Jy kan jou 3-jarige kleinkind probeer inhardloop … maar jy moenie!
Jy kan jou broek sommer so in die loop uit of aantrek … maar jy moenie!
Jy kan 'n styfpassende Help-my-beter-lyk-T-hemp dra … maar jy moenie!
Jy kan met jou hande in jou sakke by 'n trap afloop … maar jy moenie!
Jy kan by die toilet in die winkelsentrum verbyloop … maar jy moenie!
Jy kan al die sakkies kruideniersware op een slag uit die kar dra … maar jy moenie!
Jy kan probeer om die spyskaart te lees sonder jou leesbril … maar jy moenie!
Jy kan kliphard kommentaar lewer op mense se voorkoms … maar jy moenie!
Jy kan dink jy gaan 'n een saggies uitlaat … maar jy moenie!"

Geplaas deur L. le Roux

# Hoekom dan ń *karwag*?

Leon is aan die woord.

Na matriek in 1970, skryf ek in by die destydse Yskor, om as 'n elektromeganikus (Millwright) opgelei te word. Ons is deur Yskor gestuur om by die Vaaldriehoek Tegnikon te studeer. Ek behaal tydens die tydperk 'n diploma in Elektries Swaarstroom en word daarna in verskeie afdelings aangestel, waaronder in die bedryfsingenieurswese afdeling in die hoofgebou. Ek werk vir 12 jaar aan verskeie projekte. Op ouderdom 23 koop ek my eerste eiendom met behulp van Yskor se behuising- skema.

Naweke koop, herstel en verkoop ek tweedehandse motors. Ek bedank by Yskor na 18jaar diens en begin my eie tweedehandse motoronderneming as 'n voltydse beroep. My vertoonlokaal is in die sakesentrum van Vanderbijlpark geleë. So verneem ek deur die sakekamer, waarvan ek 'n lid vir baie jare was, dat daar in ons dorp 'n groot nuwe winkelsentrum "Mall" gebou gaan word. Dit sou soos die kraai vlieg, ±2 kilometer van my besigheid af wees. Met die opening van die nuwe "Mall", loop die sakesentrum byna leeg en verloor my besigheid van 25 jaar se bedryf onmiddellik 66% omset per maand. My oortrokke bank fasiliteite word tot hul maksimum onttrek, want alhoewel die verkope afgeneem het, bly die uitgawe dieselfde. Ek kry die besigheid uiteindelik na 'n verdere vyf jaar verkoop aan 'n bekende bemarkingsnaam wat nuwe voertuie bemark.

Ek kry daarna die geleentheid om vir 'n groot tweedehandse voertuighandelsaak hier in Pretoria, as 'n vloerbestuurder op te tree. Ek is deel van 'n wenspan, maar na 18 maande hoor ons van 'n pandemie genaamd Covid!

Twee weke voor Covid sterf een van my dogter se tweeling dogtertjies op 10 jarige ouderdom aan bloedkanker. Dit was vir ons as familie 'n vernietigende slag.

Dit was ook 'n baie groot toets vir ons geloof in God. So slaan Covid toe en wat ons geglo het slegs 2 weke sou duur, word toe 'n grendelstaat van 2 jaar en 4 maande. Gedurende Covid het die bietjie kontantvloei ook opgedroog.

So is ek en my 4 kinders; tweeling seuns 42, dogters 40 en 38, afgelê. My twee dogters is gegradueerde grafiese ontwerpers en my tweeling seuns het hulle bekwaam as veiligheidsbeamptes. Ek en my seuns het direk na die verlaging van die grendelstaat van vlak 5 na vlak 4, karwagte geword. Ons moes by PSIRA registreer. Die minimum vereiste vir 'n karwag is 'n E-graad kwalifikasie. 'n Karwag betaal daagliks R35 per skof (08:00-14:00) aan staangeld en R70.00 vir 'n dubbelskof (08:00-23:00).

Die Koos Bekker karavaanpark, langs die Apiesrivier, is die goedkoopste verblyf. Die vervoerkoste heen en weer is ± R64. Ons betaal wel baie aan vervoer, maar slaap te minste veilig. 'n Karwag is afhanklik van die gunsloon (tips) van die pubiek. Min mense dra deesdae kontant aan hulle, dit bring mee dat ons party dae skaars ons staanplek en vervoer gelde maak.

Saam op my skof werk 'n B.Sc.(Hons) gegradueerde en 'n karwag wat 23 jaar sy eie glasbesigheid bedryf het.

Ek vertrou u sal na dese met ander oë na die karwagbedryf kyk.

Danie Maree & Flippie Fourie






# Die Kuns om Saam Oud te Word



## "verhoudings en vriendskappe"

Wanneer 'n mens jonk is, dink jy verhoudings is iets wat net gebeur. Jy ontmoet iemand, glimlag dalk skaam, en skielik is julle vriende… of meer. Met die jare leer 'n mens egter dat verhoudings en vriendskap minder oor toeval gaan en meer oor keuses, geduld en 'n goeie sin vir humor.

In 'n aftreeoord leef ons nader aan mekaar as ooit tevore. Ons deel gange, tuine, eetareas en soms selfs stories wat al so gereeld vertel is dat dit nou al hul eie name behoort te hê. En tog is dit juis hier waar verhoudings en vriendskappe 'n besondere diepte kry.

Vriendskap op hierdie lewensfase is nie meer gebou op indruk maak of gewild wees nie. Dis gebou op eerlikheid. Jy hoef nie meer voor te gee jy hou van alles nie. Jy mag sê jy hou nie van gemmerkoek nie. Jy mag erken jy raak nors as jy nie jou middagslapie kry nie. Die waarheid is dat jou buurman waarskynlik dieselfde voel!

Verhoudings, of dit nou romanties of platonies is, verg aanpassings. Die een hou van stilte, die ander van gesels. Die een staan vyfuur op, die ander glo vyfuur is steeds nag. Hier leer ons die waarde van kompromie. Soms beteken dit jy drink jou koffie in stilte. Ander dae beteken dit jy luister geduldig na iemand se storie oor daardie hond wat hulle in 1973 gehad het.

Humor is die geheime bestanddeel. Om saam te lag oor vergeetagtigheid, oor brilletjies wat soek raak terwyl dit op jou kop sit, of oor die feit dat almal skielik "net gou iets gaan haal" en eers 'n halfuur later terugkom. Lag maak die siel ligter en verhoudings sterker.

Vriendskap beteken ook om daar te wees. Nie altyd met raad nie, maar soms net met 'n stoel langs iemand s'n. 'n Handdruk. 'n Stil oomblik. In 'n wêreld wat so vinnig beweeg, is dit 'n kosbare geskenk om iemand jou tyd te gee.

Konflik sal altyd bestaan. Selfs die beste vriende stem nie oor alles saam nie. Maar volwassenheid leer ons om te verskil van mekaar sonder om mekaar af te skryf. Soms is dit beter om te sê: "Kom ons stem saam om nie saam te stem nie," en dan 'n beskuit te deel.

Romantiese verhoudings in 'n aftreeoord is 'n onderwerp wat dikwels met 'n geheimsinnige glimlag hanteer word. Tog is liefde tydloos. Dit hou nie op omdat jy ouer word nie. Dit word net sagter, stadiger en dikwels dieper. 'n Saamstap in die tuin, 'n gedeelde koppie tee, of net saam TV kyk sonder om te praat, kan meer sê as groot woorde.

Uiteindelik gaan verhoudings en vriendskap oor verbinding. Oor gesien word. Oor weet iemand sal jou groet as jy verbyloop en jou naam onthou… of darem jou gesig.

In ons aftreeoord is ons dalk in verskillende huise, maar ons deel 'n gemeenskap. Elke glimlag, elke vriendelike woord en elke laggie dra by tot 'n plek waar mense nie net oud word nie, maar saam oud word. En dit, liewe leser, is 'n verhouding wat die moeite werd is.

*Didi Higgo*

# Die GESKIEDENIS van 'VOORSKOTE'



Ek dink nie ons kinders weet wat 'n voorskoot is nie. Die hoofgebruik van Ouma se voorskoot was om die rok daaronder te beskerm, want sy het net 'n paar rokke gehad. Dit was ook omdat dit makliker was om voorskote te was as rokke en voorskote het minder materiaal gebruik. Maar daarmee saam het dit as 'n pothouer gedien om warm panne uit die oond te haal. Dit was wonderlik om kinders se trane af te droog, en is by geleentheid selfs gebruik om vuil ore skoon te maak.

Van die hoenderhok is die voorskoot gebruik om eiers, kieskeurige kuikens en soms half-uitgebroeide eiers te dra om in die warm oond klaargemaak te word. As geselskap kom, was daardie voorskote ideale wegkruipplekke vir skaam kinders. En as die weer koud was, het Ouma dit om haar arms gedraai. Daardie groot ou voorskote het menige sweetvoorkop afgevee, voor die warm houtstoof. Spaanders en aansteekhout is in daardie voorskoot die kombuis ingebring.

Uit die tuin het dit allerhande groente gedra. Nadat die ertjies uitgedop is, het dit die doppe gedra. In die herfs is die voorskoot gebruik om appels in te bring wat van die bome geval het. As onverwagte geselskap die pad opry, was dit verbasend hoeveel meubels daardie ou voorskoot binne 'n kwessie van sekondes kon afstof. Wanneer aandete gereed was, het Ouma op die stoep uitgestap, haar voorskoot geswaai, en die manne het geweet dis tyd om van die lande af in te kom vir ete. Dit sal lank duur voordat iemand iets uitdink wat daardie 'outydse voorskoot' wat soveel doeleindes gedien het, sal vervang.

Ek weet nie hoeveel kieme op daardie voorskoot was nie. Maar ek het nog nooit iets van 'n voorskoot af behalwe liefde ontvang nie.- Skrywer onbekend -






# Woordsoek: WAYDE VAN NIEKERK

Soek net die **vetgedrukte** feite oor die naelloper. In **Kaapstad**, **Suid-Afrika** onder die **Kreef** sterreteken gebore. **Grey**-kollege, **Bloemfontein**, is sy alma mater. Wayde het 'n graad in **bemarking**. Hy blink uit in **kortafstande**, 200m en 400m. Sy gunsteling sokkerspan is **Liverpool**. Cheslin **Kolbe**, sy neef, is 'n Springbokrugbyspeler. **Tannie Ans** Botha was lank sy afrigter. Die Wêreld-atletiek**kampioenskap** in **Beijing**(2015), was sy eerste wen. 2016 wen hy die goue Olimpiese medalje in **Rio de Janeiro**. Om die **vlagdraer** vir die SA in die Rio-**Olimpiese Spele** se opening**seremonie** te dra, was 'n groot eer. In 2016 breek Wayde Michael **Johnson** se 400m (na 17 jaar) en doen dit in die **moeiliker** baan 8.

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| L | T | B | Y | F | L | Y | D | P | M | V | L | A | G | D | R | A | E | R |
| E | L | E | P | S | E | S | E | I | P | M | I | L | O | P | Q | P | R | E |
| Q | R | M | G | U | R | P | K | Z | V | Q | S | A | F | O | P | N | R | D |
| G | L | A | S | U | I | D | A | F | R | I | K | A | R | K | E | O | J | N |
| D | M | R | Y | G | I | G | S | K | N | J | P | I | U | X | R | Y | W | A |
| R | K | K | I | N | Y | A | S | F | S | C | E | M | P | S | O | E | F | T |
| L | U | I | B | L | O | E | M | F | O | N | T | E | I | N | P | Y | E | S |
| H | G | N | K | A | M | C | U | M | A | K | E | C | N | O | T | I | Q | F |
| T | I | G | S | Y | M | O | C | J | P | S | F | O | J | P | D | S | R | A |
| A | X | D | Y | K | C | J | E | S | E | E | R | N | I | U | I | J | U | T |
| N | P | U | O | D | M | D | G | I | M | W | F | J | Y | P | K | N | V | R |
| N | V | L | N | W | O | N | N | Y | L | G | B | S | R | K | M | L | Q | O |
| I | B | M | C | I | B | O | I | R | J | I | D | A | T | S | P | A | A | K |
| E | O | I | R | C | M | L | J | T | J | M | K | B | N | K | J | L | K | T |
| A | P | N | H | E | C | F | I | R | S | I | D | E | F | T | W | L | C | W |
| N | E | X | R | Q | P | D | E | L | L | I | V | E | R | P | O | O | L | Z |
| S | U | E | B | G | C | W | B | T | O | K | T | O | K | K | Y | Z | A | B |
| Y | S | Z | J | L | P | V | I | N | O | S | N | H | O | J | H | X | F | J |

## Van die REDAKSIE

Baie dankie vir elkeen wat 'n bydrae tot Maart-uitgawe gelewer het. Sonder julle ondersteuning sou die uitgawe nie moontlik gewees het nie. Die tema vir die Mei-uitgawe is barmhartigheid. Ons nooi elkeen uit om sy/haar verbeelding vrye teuels te gee en 'n storie te skryf. Dit hoef nie net oor die tema te handel nie.

Stuur bydrae na Villanuus@gmail.com
Villagroete

Flippie Fourie

